Tshiamiso TRUST

VRYSTELLINGSVORM DEUR EISERS IN DIE SILIKOSEKLASAKSIE

LEES ASSEBLIEF AANDAGTIG – U REGTE WORD HIERDEUR GERAAK

Indien u ‘n eis vir vergoeding by die Tshiamiso Trust instel, word u vereis om die onderstaande vorm te onderteken.

U moet weet dat deur hierdie vorm te onderteken nadat u u eis vir vergoeding ingedien het, u tot die volgende instem:

- U sal nie enige bykomende geld van die maatskappye wat deel is van hierdie skikking vir u silikose of TB kan eis nie. Die volgende maatskappye is by die skikking betrokke: African Rainbow Minerals, Anglo American South Africa, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony en Sibanye Stillwater en van hulle geaffilieerdes.
- U sal nie enige bykomende geld, behalwe die vergoeding waarop u geregtig is, van die Tshiamiso Trust kan eis nie.
- U sal nie geregtig wees op verdere vergoeding indien u toestand voortaan vererger nie.
- U begryp dat ‘n suksesvolle eis by die Tshiamiso Trust nie verseker dat u suksesvol sal wees met ‘n eis teen die Mediese Buro vir Beroepsiektes (MBOD) of die Vergoedingskommissie vir Beroepsiektes (CCOD) nie.
- U stem in dat die Tshiamiso Trust mag versoek om u persoonlike inligting te deel indien dit nodig is om u eis te verwerk, insluitend relevante mediese en diensinligting.
- U begryp dat u ingelig is dat hierdie eisproses gratis is en geen derde party geregtig is op enige betaling van u om u eis in te dien of te verwerk nie. Rapporteer asseblief onmiddellik enige persoon wat betaling van u versoek vir hierdie eisproses by die Trust.
- ‘n Afskrif van die Trustakte kan van die Trust se webwerf afgelaai word of sal aan u gegee word as u dit versoek.

Die vorm is in wetstaal geskryf, en u is geregtig om enige vrae te vra voor u die onderstaande vorm onderteken, of om regsadvies op u eie onkoste te verkry as u dit sou verkies.

BESONDERHEDE VAN SKIKKENDE EISER (INSLUITEND AFHANKLIKE EISERS)

Ek, die ondergetekende,

Vul volle naam in:	

(Vul 1 (een) van die volgende in, soos van toepassing)

Met Suid-Afrikaanse identiteitsnommer:		
Met paspoortnommer:		*(Voeg land van uitreiking in):*
Met werknemer-/industrienommer:		
Kontaknommer:		
Straatadres:		

Dien 'n eis by die Tshiamiso Trust in:

(Merk een van die volgende)

1.	In my eie reg as 'n goudmynwerker by Risikowerk betrokke	
2.	As 'n afhanklike van 'n oorlede goudmynwerker wat by Risikowerk betrokke was	
3.	As die eksekuteur van die boedel van 'n oorlede goudmynwerker wat by Risikowerk betrokke was	
4.	As die ouer en/of voog van 'n minderjarige afhanklike van 'n oorlede goudmynwerker wat by Risikowerk betrokke was	

VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID BEHALWE IN TERME VAN DIE TRUSTAKTE

1	Ek erken dat ek my verbind tot die skikking en bepalings soos uiteengesit in die Tshiamiso-trustakte (**die Trustakte**), die onderliggende skikking (**die Skikking**) wat die stigting van die Tshiamiso Trust (**die Trust**) uiteensit en die uitspraak wat die klas Skikkende Eisers onder saaknommer 2018/44060 sertifiseer (Saflii-verwysing: [2019] ZAGPJHC 26) 260 Julie 2019)).
2	Ek erken ook dat ek geen eis teen die Trust, sy werknemers en derdepartykontrakteurs of sy trustees (**die Trustees**) het nie, behalwe soos uitdruklik in die Trustakte uiteengesit.
3	Ek erken ook dat ek geen eis of toevlug van welke aard ook al teen enige van die partye by die Skikking of die eisersagent (soos in die Trustakte gedefinieer) het nie wat voortspruit uit die bepalings van die Trustakte of enige mislukking van die Trustees om die bepalings van die Trustakte na te kom of om die besigheid van die Trust uit te voer op die wyse wat van hulle vereis word.

INSTEMMING TOT DIE INSAMELING EN BERGING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

4. Ek verstaan en stem in dat die Tshiamiso Trust en sy genomineerdes dalk persoonlik identifiserende inligting sal moet insamel, insluitend (sonder beperking) my besondere persoonlike inligting (soos gedefinieer in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013) en dat persoonlike inligting van tyd tot tyd gedeel mag word met persone volgens die bepalings van die Trustakte en die Skikking (insluitend, sonder beperking, aan en tussen die partye by die Skikking en hul geaffilieerdes, soos in die Trustakte gedefinieer) en dat sulke inligting onder toepaslike omstandighede buite Suid-Afrika geberg mag word. Ek verstaan en stem in dat die Tshiamiso Trust en sy genomineerdes daarop geregtig sal wees om my persoonlike inligting na sulke plekke buite Suid-Afrika te stuur en om my persoonlike inligting in sulke plekke te gebruik.

5. Ek verstaan en stem in dat daar moontlik van die Tshiamiso Trust en sy genomineerdes vereis sal word om persoonlik identifiserende inligting oor my, (insluitend, sonder beperking, mediese inligting en ander besondere persoonlike inligting soos gedefinieer in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013) vanaf industriedatabasisse, kredietburo's en ander databasisse, insluitend (sonder beperking) die databasisse van die Mediese Buro vir Beroepsiektes, die Vergoedingskommissie vir Beroepsiektes (CCOD), vorige werkgewers en pensioen- of voorsorgfondse, te gebruik, openbaar te maak en in te samel, en dat hulle moontlik inligting aan die partye by die Skikking sal moet openbaarmaak, en ek magtig hiermee enige persoon wat die Trustees of hul genomineerdes in hierdie opsig kontak om hierdie inligting aan hulle te verskaf, waar dit van toepassing is en vereis word.

6. Ek verstaan en stem in dat daar moontlik van die Tshiamiso Trust en sy genomineerdes vereis mag word om my persoonlike kontakbesonderhede saam te stel en openbaar te maak aan enige party by die klasaksiegeding ingevolge 'n hofbevel of vir opsporing in sulke verrigtinge.

7. Ek verstaan en stem in dat die Tshiamiso Trust en sy genomineerdes (insluitend, sonder beperking, die Trust se eisindieningsbeampte) my persoonlik identifiserende inligting mag insamel en verwerk, insluitend (sonder beperking) biometriese data.

8. Ongeag die toestemming wat ek ingevolge van paragraaf 4 tot 7 hierbo verleen het, verstaan ek dat ek die reg het, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, om my toestemming enige tyd met skriftelike kennisgewing aan die Tshiamiso Trust terug te trek.

9. Ek verstaan en stem in dat indien ek my toestemming soos hier bo genoem, terugtrek:

a. Al my persoonlike inligting wat voor sodanige terugtrekking deur die Tshiamiso Trust verwerk is, beskou sal word as dat dit wettig verwerk is, en

b. Sodanige terugtrekking die gevolg sal hę dat die Tshiamiso Trust my eis nie verder sal kan verwerk nie en dat ek nie my reg sal kan uitoefen om enige voordele by die Tshiamiso Trust te eis nie.

10. Ek verstaan dat nieteenstaande my reg om toestemming tot die verwerking van my persoonlike inligting terug te trek, die Tshiamiso Trust verplig kan word om my persoonlike inligting te behou in voldoening aan verpligtinge wat deur toepaslike wetgewing daarop geplaas word.

INDIEN U 18 JAAR OF OUER IS

Ek is 18 jaar of ouer. **Ek verstaan die wetlike gevolge as ek hierdie dokument onderteken.** Ek verstaan dat hierdie dokument geskryf is om so omvattend en insluitend te wees as wat deur Suid-Afrikaanse wetgewing toegelaat word. Ek stem in dat indien enige gedeelte as ongeldig of onafdwingbaar beskou word, ek my steeds tot die oorblywende bepalings verbind. Ek het hierdie dokument gelees, en ek onderteken dit vrylik. Geen ander vertoë in verband met die wetlike uitwerking van hierdie dokument is aan my gemaak nie.

Handtekening van Skikkende Eiser

INDIEN DIE SKIKKENDE EISER JONGER AS 18 JAAR IS

Ek is die ouer en/of wettige voog van die Skikkende Eiser. **Ek verstaan die wetlike gevolge as ek hierdie dokument namens die Skikkende Eiser onderteken.** Ek verstaan dat hierdie dokument geskryf is om so omvattend en insluitend te wees as wat deur Suid-Afrikaanse wetgewing toegelaat word. Ek stem in dat indien enige gedeelte as ongeldig of onafdwingbaar beskou word, ek (en die Skikkende Eiser) ons steeds tot die oorblywende bepalings verbind. Ek het hierdie dokument gelees, en ek onderteken dit vrylik. Geen ander vertoë in verband met die wetlike uitwerking van hierdie dokument is aan my gemaak nie.

Handtekening van ouer/wettige voog van Skikkende Eiser